Manie en Karin 0832847470 / 0828541491

Nuwe Generasie skaapboere:

Intensiewe skaapboerdery met deurlopende aanwas.

1. Wat is Intensiewe skaapboerdery?

In skaapboerdery in Suid Afrika word groter druk op produksie geplaas as gevolg van die hoër insetkostes. Dit kan aanleiding gee daartoe dat 'n boer vasgevang word in 'n "kostespiraal" wat slegs met hoër produksie oorkom kan word. Druk word op 'n boerdery geplaas om winsgewendheid noukeurig te bestuur.

Volgens die Merriam- Webster's Collegiate Dictionary is die definisie van "intensive farming" –"constituting or relating to a method designed to increase productivity by the expenditure of more capital and labour rather than by increase in scope" (Merriam-Webster, Incorperated,1999).

Volgens die HAT is die definisie van Intensiewe boerdery – "Waarby baie kapitaal en arbeid per eenheid oppervlakte bestee word" (Odendaal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booysen, 1981)

'n Hoër uitset word verlang, dus meer lammers en/of meer wol. Produktiwiteit moet verhoog word van die skape, die hulpbron (plaas) en uiteraard ook van arbeid.

In enige Intensiewe boerdery kan daar nie net meer gevra word nie, maar daar moet ook meer gegee word, en dit strook met die definisies van intensiewe boerdery. Onrealistiese verwagtinge moet vermy word, en indien die boer meer van sy skape verwag, moet hy ook uiteraard diere besit of aankoop wat in staat is om in hierdie behoefte te voorsien, en dan positief en ekonomies reageer op wat ekstra vir hulle gegee word. Die ras moet uiters geskik wees om onder intensiewe boerdery toestande sukses te behaal, naamlik:

- Vroeë geslagsrypheid
- Vrugbaar en hoë fekunditeit
- Handhawing van goeie voeromsetting
- Handhawing van goeie uitslagpersentasies
- Lewering van goeie gehalte vleis

Intensivering beteken nie noodwendig dat die hele skaapboerdery intensief bedryf hoef te word nie. Baie ekstensiewe boere het reeds dele van hul skaapboerdery geïntensifiseer. Hier word verwys na:

- 'n Afrondingseenheid (voerkraal)
- Intensiewe paarstelsels soos KI en laparoskopie
- Sinchronisasie deur middel van prikkelvoeding, die gebruik van koggelramme, of die "spons" van ooie met handdekking of natuurlike paring daarna, en
- Intensiewe lamstelsels

Manie en Karin 0832847470 / 0828541491

2. Watter probleme of uitdagings in die skaapboerdery word oorkom deur Intensiewe skaapboerdery?

Grondpryse

In die afgelope 10 jaar het die prys van grond in die Oostelike Hoëveld met meer as 300% gestyg. Dit dra daartoe by dat grond nou 'n baie duur produksie middel geword het en dat boere ten alle koste poog om die produktiwiteit van grond te verhoog.

Arbeid

Die koste van arbeid raak al hoe meer 'n faktor met nuwe loon strukture, beperkte werksure en hoë oortyd tariewe. Te kort aan kundigheid ten opsigte van skaapboerdery is 'n verdere probleem in die tradisionele omgewing.

Lamstelsel

Tradisioneel het boere 'n een lam siklus per jaar gevolg. Hierdie stelsel het lang en uitgerekte siklusse. Al hoe meer word stelsels geïmplementeer waar die 12 maande stelsel verkort word na byvoorbeeld agt maande. Die verkorte stelsel plaas druk op verskeie gebiede van die bestuur van skaapboerdery. Groter druk word op produksie ooie geplaas om meer meerlinge te produseer. Tradisioneel was dit nie gewens nie, aangesien dit 'n groter druk op bestuur geplaas het.

Insetkoste

Tradisioneel was die insetkoste laag. Die toenemende druk van snel stygende kostes het finansiële bestuur en meting noodsaaklik gemaak.

Kennis

Skaapboerdery kennis is empiries van geslag na geslag oorgedra. Dit was 'n baie stabiele omgewing met min verandering en min eksterne druk. Die vinnig veranderende omgewing en toenemende koste druk op die bedryf noodsaak vinnige verandering waar nuwe kennis nodig is om die verandering te akkommodeer en suksesvol te implementeer.

Teling

Toenemend word druk geplaas op hoër produksie. Die hoër vlakke kan bereik word indien daar meer gefokus word op genetiese vordering van 'n verskeidenheid van faktore. Meer bestuursaandag en meting word verlang met seleksie en teling en die navolg van spesifieke doelwitte.

Ongediertes

Die verliese binne tradisionele skaapboerdery maak die bedryf in sekere omgewings nie volhoubaar nie. Toenemende getalle roofdiere maak die bekamping en bestuur onmoontlik. In sekere dele is die bedreiging so erg dat tradisionele skaapboerdery gestaak moet word en na byvoorbeeld beesboerdery oorgeskakel moet word. Die etiese aspek rondom die bestuur van roofdiere plaas meer druk op skaapboerdery en bied nie oplossings nie.

Diefstalle

Net so dramaties soos verliese as gevolg van roofdiere het diefstalle geword. Ekstensiewe skaapboerdery in hoë diefstal areas het tot stilstand gekom. Hierdie sosiale probleem neem daagliks toe en bly 'n groot bedreiging vir ekstensiewe skaapboerdery.

Tegnologie

Manie en Karin 0832847470 / 0828541491

Die toenemende vordering in tegnologie maak skaapboerdery in veral 'n meer intensiewe omgewing gemakliker en bied ruimte vir versnelde prosesse.

Optimalisering van Boerdery bates

Opbrengs op kapitaal kan gedoen word op verskeie maniere, nl.:

- Grond – meer ooie/ha
- Ooi – vermeerder die speenpersentasie deur haar meer te laat lam.
- Moet meer produktief boer op kleiner grond.
- Dit vra 'n besigheidsbenadering, en dit is 'n verandering van die ou tradisionele skaapboerdery benadering.

As gevolg van die bogenoemde faktore het ons toe besluit om die hele skaapboerdery te verander, na 'n Intensiewe stelsel, met 'n deurlopende aanwas, en dit kan gesien word as presisieboerdery.

3. **Is Intensiewe skaapboerdery nie baie arbeidsintensief nie?**

Die grootste probleem met die intensiewe skaapboerdery is nie meer arbeid nie, maar is meer lojale geskoolde/arbeid met goeie skaapkennis. Dit is nie meer so geredelik beskikbaar in die mark nie.

Die stelsel vereis eintlik minder arbeid, omdat jou toesig soveel makliker is, met die verspreiding van die lamseisoen deur die jaar. Ooie wat gesinchroniseer is lam binne 3 – 5 dae, wat intense toesig benodig, maar dan is dit weer net die normale toesig van enige ander boerdery.

4. **Hoe meer intensief 'n besigheid is hoe hoër is die insetkoste gewoonlik – Is dit ook so by Intensiewe Skaapboerdery?**

Intensiewe skaapboerdery het wel meer insetkoste as gevolg van die fasiliteite soos lamhokke, klein kampies, meer presisievoeding, en dan beter gehalte kwaliteit genetika wat in die stelsel aangepas is, Maar met al hierdie ekstra druk op die besigheid, die versnelde lamstelsel, die presisie voeding, het dit so groot effek op die speenpersentasie van die ooie, dat die wins nadat al die ekstra uitgawes gedek is, nog steeds ekonomies winsgewende boerdery tot gevolg het. Hier gaan dit oor die BOTTOMLINE: Intensiewe skaapboerdery is baie winsgewend en ekonomies volhoubaar.

5. **Hoe word die besigheid bestuur?**

Ons Intensiewe skaapboerdery word met behulp van 'n Projekplan bestuur, wat al die beginsels van Projekbestuur en Operasionele bestuur bevat, wat presisieboerdery in die stelsel bevorder. Die Projekplan vergemaklik die skedulering, voedingsprogramme en gesondheidsprogramme van die besigheid.

6. **Waarom sou jy sê is jou boerdery suksesvol?**

Ons bestuur hierdie boerdery volgens 'n sukses formule naamlik:

S% + T + W + B + P(10)

1. S% = Speenpersentasie.
   250% speenpersentasie per jaar

   Ooi moet 5 lammers in 2 jaar speen, anders is sy nie winsgewend nie.

2. T = Tydperk.
   - 8 maande lamsiklus dit verhoog produksie van die kudde

- Minder ooie, verdeel die arbeid
- Ooie wat oorslaan kan vinniger geïdentifiseer word, en uitgeskot word as nodig (elke ooi kry 1 kans om oorteslaan in die stelsel)
- Toesig is baie beter

3. W = Waarde toevoeging
    - Bemark lammers elke Maand
    - Stoet – meting is presies
    - Seleksie – top ooie by top ramme, en identifiseer die sub-fertiele ooi en skot haar uit
    - Gebruikmaking van tegnologie, sinchronisasie en handdekking
    - Seleksie intervalle is vinniger
    - Genetiese vordering is vinniger.
4. B = Bestuur
    - Die hele kudde is verdeel in groepe, en word met projekbestuur beheer. Sonder die Projekplan sou die hele bestuur nie moontlik gewees het nie, en sou die skaapboerdery in chaos ontaard het, nou is dit ’n rustige beheerde stelsel, wat alles elke dag aandag kry, en niks oorgeslaan word nie.
    - Projekbestuur: ooie, jong ooitjies, ramme, voerkraal
5. P = Passie tot die mag 10
    - Manie sê altyd, hierdie Jockey moet rats wees.
    - Maksimum toesig met minimum inmenging
    - Met lamtyd, is die slaap maar min, die 3-5 dae wat hulle lam, word toesig deurentyd gedoen, en dit verseker minimum mortaliteite met die lamproses, en die meeste van die natuur elemente probeer ons uitskakel met infrarooi ligte in die winter, en in die reën is hulle lekker snoesig in die skuur op droë saagsels

Laastens wil ek net byvoeg, dat ek elke dag net meer opgewonde raak oor die toekoms van die skaapbedryf in Suid-Afrika, ek glo nie ons het al die optimale produksie van ‘n vrugbare ooi ontsluit nie, ons weet nog nie waartoe sy regtig instaat is nie!

Manie & Karin Wessels

Mamre Dormers

0832847470 & 0828541491